WellingtonINFO - 2013.11.11

1. Diefstal van Voertuie in Wellington: Baie dankie aan Wellington SAPS vir hierdie goeie stukkie werk. Ons, die gemeenskap van Wellington se dank en waardering aan al die lede betrokke.

"'n Lid van die publiek het Vrydagoggend 1 November om 11:10 geld by Pick a Pay Centre getrek. Haar voertuig n rooi Toyota Conquest was in die parkeerarea geparkeer. Toe sy omdraai het gesien haar voertuig wegry. D-Skof van Wellington SAPD het onmiddellik reageer en die gesteelde voertuig is in Mbekweni opgespoor. 'n Verdagte is gearresteer en word verbind met n vorige oortreding van "die diefstal van 'n motorvoertuig" Col. JN Barkhuizen Wellington SAPD"

2. Huisbraak: Ons wil weereens 'n beroep op inwoners doen om die Polisie te skakel in gevalle waar mense onder verdagte omstandighede opgemerk word.

"Daar is Vrydagoggend, 8/11 by ons huis in Bergstraat ingebreek. Volgens n ooggetuie is daar n wit mazda bakkie in ons inrit opgemerk en n swart vrou wat buite op die sypaadjie sit. Hulle het 'n middelruit mooi netjies uitgehaal en so toegang gekry tot ons huis. Groot skade is aangerig. Geen vingerafdrukke is gekry, hulle het ons handdoeke gebruik om aan alles te vat. Ons harte is baie seer oor ons goedjies! Marelize Germishuis "

3. Hawelose mense en leeglêers Wellington. Die volgende skrywe was aan die voorsitter van die G-voucher projek gerig:

"Die Joubert park was die afgelope maand (Oktober) oorlaai met leeglêende haweloses. Ek het gewonder of hulle dalk deel was van die ou-huis in Hoofweg en nou dakloos is. Hulle is sowat 30 ….. en is NIE skuldig aan bedel nie. ….ook geen kos gevra nie. Hulle is egter almal tot 'n mate besope en baie het drank by hulle. Hul hoof aktiwiteit in die park is om te slaap en drank onder mekaar te verdeel. Min kan verstaanbaar praat (te dronk) en hul skroom nie om in enige plek in die openbaar te urineer nie. Die parkie en omringende sypaadjies word dus baie vuil, urinering was oral sigbaar en die reuk naby die park onuithoudbaar.

Soggens vanaf 6 uur raak dit opstaantyd en almal neem hul bed op (matras en bondel beddegoed) en steek dit onder plante en teen geboue in die area van die park weg. bv die Pres kerk gronde, die tuine van Huis Friedenheim en in hoekies by park. Ek het selfs hopies in Hoofweg gesien naby Zebro, naby Pep en die 2 de handse meubelwinkel op die hoek. Wanneer die Hugo Rust Laerskool kinders, studente, drawwers, stappers en huiswerkers, (asook gaste van 5 gastehuise) die straat begin gebruik, is hulle orals aan die beweeg in die area. Enkeles bly deur die dag aan en was soms hul klere in die fontein….. almal keer egter vanaf 17 :30 terug. Hulle baklei en drink dan baie, maak beddens reg orals op die gras en kry hul lê voor donker. Almal is ouer mans en vrouens, geen straatkinders nie.

Ek het al om laat-middag by Wetstoepassing ingestap en gevra of hulle die drinkery in die parkie kan aanspreek (daar was op daardie oomblik 30 hawelose mense)….hulle was gewillig, maar 'n uur later was die mense steeds daar….dalk het hulle wel opgehou drink?

Linda Muller het dit wel onder die aandag van Raadslid Albertus Buckle gebring. Dit wil voorkom asof die probleem moontlik aan die verander is….. maar nie opgelos is nie. Ek vermoet die 30 mense opereer steeds in die area.

Die aktiewe lewe van 30 haweloses in hierdie historiese en opvoedkundige deel van Wellington bevoordeel nie die area nie…dit voel onveilig, stink, raserig en is bemors.

Miskien vind hulle net tydelik 'n heenkome hier by Joubert Park en wag hul slegs vir die Jubileum park om voltooi te word!!!!!

Groete. Coretha

Die voorsitter van die G-voucher projek se antwoord aan Coretha:

"Dit is onvermydelik dat wetstoepassing opgeskerp sal moet word anders bly ons positiewe aksies van G Projek bloot 'n aanspreek van die haweloses se fisiese behoeftes en ignoreer die behoeftes en regte van die gemeenskap. Hierdie balans sal herstel moet word. Groete Danie"

Daar was die afgelope maand by die Wellington Forum *(Munisipaliteit, Raadslede, Sakekamer, SAPD en ander belangegroepe)* besluit dat 'n taakspan aangestel sal word wat hierdie aangeleentheid as 'n saak van dringendheid sal aanspreek. Meer inligting sal mettertyd bekend gemaak word. Daar was ook tydens die pas afgelope openbare bestuursvergadering van die G-voucher projek, terugvoer gegee ten opsigte van die vordering van die projek. Dit is belangrik om te weet dat hierdie projek nie slegs ten doel het om voedsel en klere te voorsien aan hulpbehoewende mense nie. Die gee van die voedsel is slegs n klein deel van die projek wat uiteindelik ondermeer ten doel het om hierdie mense te rehabiliteer, uit hulle bestaande omstandighede te neem, die las om die res van die gemeenskap te verlig en die agteruitgang van die sakekern van Wellington te voorkom. Daar was ook na afloop van laasgenoemde vergadering die volgende goeie nuus ontvang:

"Die G -Projek het n verrassende bydrae van R20 000 ontvang van Wyk 2 se wykskomitee in Wellington onder beheer van raadslid Johan Rademeyer. Dit is die ekwivalent van ongeveer 4000 etes wat ons kan bedien! Dit kom op n tydstip wat die aktiwiteite van die G- Projek uitgebrei word om nie net verantwoordelik te kos te gee nie, maar ook klerasie, skuiling, wetstoepassing en maatskaplike dienste op n verantwoordelike wyse aangespreek te kry. Ons is dankbaar teenoor die Drakenstein Munisipaliteit en veral die raadslede en amptenare wat n verskil wil maak in die lewens van die haweloses maar ook die volle gemeenskap wil dien. Weereens BAIE DANKIE!"

Dit is belangrik dat inwoners van Wellington en besoekers aan die dorp nie kontant aan die bedelaars sal gee nie maar eerder die G-voucher Projek sal ondersteun. Meer inligting oor die Projek, en plekke waar die koeponne beskikbaar is kan op die webtuiste gevind word by: http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/organisasies/

Deel asb. ook hierdie inligting met ander mense in jou omgewing wat nie noodwendig internet of epos fasiliteite het nie.

4. Stakings, Protes versus Misdaad, Sabotasie & Intimidasie

Dit is kommerwekkend om te sien dat mense/ vakbonde in die naam van protes dit nodig sou vind om eiendom ter waarde van etlike duisende rand te beskadig of te vernietig om 'n standpunt te probeer oordra. So was dit ook tydens die onlangse "stakings" in die Paarl waar skade van etlike duisende rande aan Munisipale en ander eiendom aangerig was. Die vraag is dan, wie moet elke keer vir hierdie skade betaal? Belastingbetalers of die organiseerders van hierdie byeenkomste?

'n Mens sou hoop dat die organiseerders hiervoor verantwoordelik gehou sal word, en verantwoordelikheid daarvoor moet neem en hoop ons dat daar geen genade betoon sal word aan die gene wat hulle hieraan skuldig maak nie. Met die beskikbare tegnologie tot beskikking van die Polisie behoort dit nie moeilik te wees om hierdie skuldiges uit te wys nie.

WellingtonINFO is, 'n nie-winsgewende organisasie, wat ten doel het om deur middel van gemeenskap - betrokkenheid en die deel van inligting, 'n omgewing te skep waarin dit veilig is om te woon, werk en besigheid te doen.